

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Moatche (150/1985) [1985] ZASCA 116 (14 November 1985)

[1985] ZASCA 116

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Botha, Grosskopf, Cillie

CASE / FILE NUMBER

150/1985

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

LL Saak No 150/1985

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKAAPPELAFDELING

In die saak tussen:

SIMON RAMOATHSE MOATCHE Appellanten

DIE STAAT Respondent

CORAM: BOTHA, GROSSKOPF ARR et CILLIE WN AR

VERHOORDATUM: 14 NOVEMBER 1985LEWERINGSDATUM: 22 NOVEMBER 1985

UITSPRAAK

/BOTHA AR ...

2.

BOTHA AR:-

Die appellant is in die Witwatersrandse Plaas-like Afdeling deur VERMOOTEN Wn R en assessore skuldigbevind aan moord en aan poging tot roof met verswarendeomstandighede. Met betrekking tot die skuldigbevindingaan moord het die Verhoorhof bevind dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie en gevolglik isdie appellant die doodvonnis opgelê. Ten opsigte vandie skuldigbevinding aan poging tot roof is die appellantgevonnis tot 8 jaar gevangenisstraf. Met verlof, ver-leen ten gevolge van 'n versoekskrif aan die HOOFREGTER, kom die appellant in hoër beroep teen sy skuldigbevindingen vonnisse.

Die appellant was een van drie beskuldigdes wat tesame aan die gemelde oortredings skuldig bevind is. By die verhoor was hy beskuldigde 2. Ek sal na sy mede-beskuldigdes afsonderlik verwys as beskuldigdes 1 en 3, soos hulle by die verhoor was.

/Die ...

3.

Die oorledene in die saak is laat een aandvermoor op 'n spoorwegstasie in die omgewing van Germis-ton. 'n Lykskouing het aan die lig gebring dat hy 87 steekwonde opgedoen het. Sy lyk is tussen die platform van die stasie en die spoorlyn aangetref.

Die Staat se saak teen die drie beskuldigdes het in hoofsaak berus op die getuienis van Elizabeth Radebe, na wie ek ter wille van beknoptheid sal verwys as Elizabeth. Haar getuienis, in breë trekke opgesom, was soos volg. Sy en die beskuldigde het in mekaar se geselskap verkeer by 'n smokkelkroeg. Tussen 4-uur die middag en 8-uur die aand het die vier van hulle te-same' tussen 5 en 10 kwarte "blanke" bier gedrink. Later het hulle gestap na die spoorweg en 'n trein gehaal. Op die trein het die beskuldigdes gepraat daarvan dat hulle iemand wou beroof. Toe die trein op die betrokke stasie stilhou, het die oorledene afgeklim, gevolg deur die beskuldigdes en Elizabeth. Die beskuldigdes het die

/oorledene ...

4.

oorledene beetgepak en geld van hom geëis. Hy het gesê dat hy nie geld het nie. Daarop het elk van die beskuldigdes 'n mes te voorskyn gebring en die oorledene begin steek. Elke beskuldigde het die oorledene herhaaldelik en baie keer gestek. Uiteindelik het die oorledene beland tussen die platform en die treinspoor. Daar het die beskuldigdes die oorledene gelos. Die beskuldigdes en Elizabeth het toe die toneel saam verlaat. Nadat hulle 'n ent saam gestap het, is Elizabethen beskuldigde 1, tussen wie daar 'n liefdesverhouding bestaan het en wat saamgewoon het, na beskuldigde 1 se huis, terwyl die appellant en beskuldigde 3 hulle eie koers ingeslaan het. Op die volgende dag het Elizabeth gesien dat beskuldigde 3 'n steekwond in sy voor-arm opgedoen het. Beskuldigde 1 het aan haar verduidelik dat hy tydens die vorige aand se gebeure per ongeluk vir beskuldigde 3 raakgestek het.

Die appellant se getuienis was in hooftrekke

/soos ...

5.

soos volg. Hy en beskuldigde 1 was op pad van 'n plek waar hulle "baie bottels" bier gedrink het na 'n ander partytjie, toe hulle toevallig beskuldigde 3 raakgeloophet, wat hulle toe verder vergesel het. Elizabeth was glad nie in hulle geselskap daardie aand nie. Terwyl hulle die voetgangersoorgang oor die treinspoor by die betrokke stasie genader het, het beskuldigde 3 met dietrappies na onder toe uit hulle gesig verdwyn. Hulle hoor toe hy roep om hulp. Hulle is toe ook

met dietrappies af en sien dat die oorledene, met 'n kiere insy hand, vir beskuldigde 3 teen die tralies by die trappevasdruk. Om beskuldigde 3 te bevry van dié aanval ophom, haal beskuldigde 1 en die appellant toe elk 'n mesuit: beskuldigde 1 steek die oorledene twee keer in sysy en die appellant steek hom een keer in die skouer. Die oorledene laat val sy kiere en los beskuldigde 3. Laasgenoemde haal sy eie mes uit en steek die oorledene, herhaaldelik en aanhoudend. Om nou dié aanval te

/beëindig ...

6.

beëindig, gaan beskuldigde 1 weer nader en steek beskuldigde 3 in die arm. Beskuldigde 3 sit egter sy aanval op die oorledene voort, en beskuldigde 1 en die appellant loop toe weg. Toe hulle die toneel verlaat het, was beskuldigde 3 steeds besig om die oorledene te steekterwyl hy op die platform van die stasie gelê het. Oppad huis toe het beskuldigde 3 weer by hulle aangesluit. Beskuldigde 1 het sy hemp aan beskuldigde 3 gegee sodat laasgenoemde die wond in sy arm daarmee kon verbind. Volgens die appellant was hy in daardie stadium bang vir beskuldigde 3. Later is elkeen van hulle na sy eie huis toe.

Beskuldigde 1 het in sy getuienis wesenlik presies dieselfde weergawe van die gebeure gegee as die appellant. Beskuldigde 3 het in sy getuienis ontkendat hy daardie aand in die geselskap van beskuldigde 1 en die appellant was, en dat hy enige kennis dra van die gebeure soos beskryf of deur Elizabeth of deur sy mede-

/beskuldigdes ...

7.

beskuldigdes.

Die Verhoorhof het, in die opweging van die botsende getuienis soos hierbo opgesom, bevind dat Elizabeth se getuienis in elke wesenlike opsig bevestigend was, dat haar getuienis geloofwaardig was en dat die Hof met vertroue daarop kon staatmaak, terwyl die getuienis van beskuldigde 1 en die appellant in verskeie opsigte onwaarskynlik en ongeloofwaardig was en dat dit (asook die getuienis van beskuldigde 3) as vals verwerplik was.

Voor hierdie Hof was die betoog namens die appellant toegespits op 'n kritiese ontleding van Elizabeth se getuienis, wat daarop gemik was om aan te toondat die gehalte daarvan te swak was om die Verhoorhofse skuldigbevindings te regverdig.

Die hoofbeswaar wat teen Elizabeth se getuienis geopper is, was dat sy 'n motief gehad het om valse getuienis teen beskuldigde 1 af te lê, en in die proses ook

/die ...

8.

die appellant (en beskuldigde 3) by haar valse storieingesleep het. Die beweerde motief is gebaseer op die feit, wat vorendag gekom het in Elizabeth se getuienis, dat beskuldigde 1 die verhouding tussen hom en Elizabeth beëindig het na die gebeure van die betrokke aande. Sy was daaroor ongelukkig, aldus die betoog, en het dus uit blotewraaksug 'n valse storie teen beskuldigde 1 en sy trawante versin. Die betoog is onaanvaarbaar; om verskeie redes. Dit blyk uit die polisiegetuienis dat 'n ondersoekbeampte in die saak 'n verklaring van Elizabeth afgeneem het by beskuldigde 1 se huisterwyl die verhouding tussen hulle nog bestaan heten voordat beskuldigde 1 dit beëindig het. Op daardie stadium sou sy dus geen motief gehad het om beskuldigde 1 valslik in die moeilikheid te laat belandnie. Daar is geen rede om te dink dat haar getuienis in enige wesenlike opsig afgewyk het van wat sy

/in ...

9.

in haar verklaring gesê het nie. Die appellant se advokaat het gewag gemaak van die feit dat Elizabeth tydens haar kruisondervraging vir die eerste keermelding gemaak het van 'n beweerde onsuksesvolle poging van die beskuldigdes om 'n ander slagoffer in die trein reeds te beroof. Selfs al sou dit 'n afleiding regverdig dat sy dié bewering nie in haar verklaring gemaak het nie, kan daaruit geen aanduiding van onbetroubaarheid aan haarkant gehaal word nie, want by die nalees van haar getuienis blyk dit dat haar verwysing na 'n onsuksesvolle roofpoging op die trein op so 'n natuurlike en spontane wyse vorendag gekom het, in reaksie op kruisondervraging oor haar getuienis dat die beskuldigdes gesê het dat hulle iemand soek om te beroof, dat dit enige suggestie ontsenu dat dié bewering 'n versinsel was.

Daarbenewens word Elizabeth se getuienis in belangrike opsigte gestaaf deur ander getuienis. Dit is voldoende om te verwys na die getuienis van twee polisiebeamptes aangaande uitwysings wat beskuldigde 1 en die

/appellant ...

10.

appellant gedoen het na hulle inhegtenisneming. By die betrokke toneel het hulle uitgewys bloedspatsels op die trappe wat lei na die voetgangersoorgang, 'n bloedkol op die platform, en die plek waar die lyk van die oorledene aangetref is tussen die platform en die treinspoor. Al die plekke (soos aangedui op 'n sketsplan wat 'n bewysstuk was) pas presies in by die besonderhede van Elizabeth se getuienis. Die eerste twee plekke pas ook in by die weergawes van beskuldigde 1 en die appellant, maar daarmoet in gedagte gehou word dat hulle beweer dat Elizabeth hoegenaamd nie op die toneel aanwesig was tydens die voorval wat hulle beskryf het nie. Die derde plek (waardie lyk van die oorledene gelê het) pas nie in by die getuienis van beskuldigde 1 en die appellant nie; volgens hulle weergawe sou hulle nie bewus gewees het daarvan nie. Hulle het dan ook daardie uitwysing ontken, maar die Verhoorhof het die polisiegetuienis geloofwaardig bevind en daar is geen rede aangevoer waarom dié

/bevinding ...

11.

bevinding aanvegbaar sou wees nie. Getoets aan die hand van beskuldigde 1 en die appellant se weergawe van die gebeure, met inagneming van hulle bewering dat Elizabeth nie aanwesig was nie, het die stawende getuienis hierbo genoem die uitwerking dat dit onmoontlik is om te aanvaar dat Elizabeth se getuienis 'n versinsel was.

Afgesien van die staving van haar getuienis, blyk dit uit 'n bestudering van Elizabeth se getuienis in die oorkonde dat sy die besonderhede van die gebeure watsy beskryf het, met soveel klaarblyklike vertroue weergegee het dat dit ondenkbaar is dat sy nie in der waarheid 'n ooggetuie daarvan was nie.

Die ander punte van kritiek teen Elizabeth se getuienis is ek nie van voorneme om op te noem nie. 'n Enkele voorbeeld is genoeg om die aard daarvan toe telig. Daar is aangevoer dat sy nie geglo kon word nie, omdat sy sê dat sy nie gesien het dat beskuldigde 1 vir

/beskuldigde ...

12.

beskuldigde 3 raakgesteek het nie, en ook nie dat die wond later met beskuldigde 1 se hemp verbind is nie. Van sulke "kritiek" hoef slegs gesê te word dat dit niksom die lyf het nie.

In die geheel gesien, is daar geen grondslag vir 'n bevinding dat die Verhoorhof die gehalte van Elizabeth se getuienis te hoog aangeslaan het nie.

Die appellant se weergawe (asook dié van beskuldigde 1) van wat gebeur het, soos ek dit hierbo opgesom het, is inherent in elke wesenlike opsig uiters onwaarskynlik. Dit is onnodig om verder daarop in te gaan. Die Verhoorhof was ten volle geregtig om die appellant se getuienis as ongeloofwaardig te verwerp. Op die keper beskou, opgeweeg teen Elizabeth se getuie-nis, is dit nie redelik moontlik dat die appellant se getuienis waar kan wees nie.

Die gevolgtrekking is dat die appellant se skuldigbevindings onaanvegbaar is.

/Vervolgens ...

13.

Vervolgens is daar namens die appellant betoog dat die Verhoorhof gefouteer het deur te bevind dat daargeen versagtende omstandighede aanwesig was ten opsigte van die moord nie. In hierdie verband is daar gesteun op die appellant se inname van drank voor die moord gepleeg is, en op die appellant se jeugdigheid - hy was ten tyde van die voorval 20 jaar oud, op 4 dae na.

Wat die drank betref, blyk dit uit Elizabethse getuienis dat die appellant nie in so 'n mate daardeuraangetas was dat dit enige betekenisvolle uitwerking opsy optrede gehad het nie. Die appellant self het niein sy eie getuienis te kenne gegee dat die drank wat hygedrink het sy selfbeheer aangetas het of op enige wysehoegenaamd 'n invloed gehad het op sy gedrag nie. DieVerhoorhof het bevind dat die appellant nie deur diedrank aangetas was in 'n mate wat die morele laakbaarheidvan sy optrede verminder het nie.

Wat die appellant se jeugdigheid betref, het

/die ...

14.

die Verhoorhof bevind, aan die hand van die appellant se deelname aan 'n bende-optrede, die beplanning van die mis-daad, en die wyse waarop die moord gepleeg is, dat dieappellant se optrede voortgespruit het uit "inherenteboosheid" en dat sy jeugdigheid gevolglik nie as 'n versagtende omstandigheid gegeld het nie.

Uit die Verhoorregter se uitspraak oor dievraag van versagtende omstandighede blyk dit dat dieVerhoorhof die aangeleentheid op 'n deeglike, sorgvuldigeen ewewigtige wyse oorweeg het. Die appellant se advo-kaat kon nie anders as om toe te gee dat dit nie moontlikis om te wys op enige mistasting van die Verhoorhof nie.Daar kan sekerlik nie gesê word dat die gevolgtrekkingwaartoe die Verhoorhof gekom het onredelik was nie. Ditsynde die geval, is daar geen ruimte vir hierdie Hof omdat die Verhoorhof se bevinding te verander nie.

Die appellant se vonnis op die ondergeskikteskuldigbevinding aan poging tot roof is nie aangeval nie.

15.

Die slotsom is dat die appèl van die hand gewysword.

A.S. BOTHA AR

GROSSKOPF ARSTEM SAAMCILLIÉ WN AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1985/116.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-moatche-unknown-topic-asca-1985>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria